HOE IS JESUS? HOE IS EK EN JY?

Hoe is Jesus?

Jesus is God(Rom 9:5).
Jesus is Here en Verlosser(2 Pet 1:1).
Jesus is Almagtig(Matt 28:18), Jesus is Alwetend(Joh 2:24-25) en Jesus is Onveranderlik(Heb 1:12).
Jesus is die weg, die waarheid en die lewe(Joh 14:6)
Jesus is sondeloos(Heb 2:17)
Jesus is baie ander wonderlike eienskappe, te veel om hier op te noem.

Hoe is ek en jy?

Kortliks, ons is nie soos Jesus nie. Ons is nie God, Here of Verlosser nie. Nie Almagtig, Alwetend of Onveranderlik nie. Nie die weg, die waarheid of die lewe nie. Ons is baie beslis nie sondeloos nie! Ek sondig elke dag in my gedagtes, met woorde en met dade(Rom 3:10-18). Saam met Paulus in Rom 7:19 sê ek: “Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.”

Nou weer die vraag: Hoe is ek en jy? Beslis nie soos Jesus nie! Hy is God, ek en jy is sondige mense. Maar..... is daar nie vir ons genade nie? Beslis! Hoe aangrypend om in 1 Joh 3:2b te lees: “Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees.” Hoor jy? Ons gaan soos Jesus wees! Ons gaan nie net sondeloos wees nie, ons gaan ook al die baie ander wonderlike eienskappe van Jesus hê! Paulus bevestig hierdie feit in Rom 8:29 as hy sê God bestem ons om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat ons Jesus se broers en susters kan wees. Soos Jesus kan wees. Uit Jesus se oorvloed ontvang ons almal genade op genade(Joh 1:16).

Hoe is ek en jy? Ons gaan soos Jesus wees! Amen

Jan Lubbe(Benoni)